Wet op Voldoening aan Belasting op Buitelandse Rekenings ("**WVBBR**") en die Algemene Verslagdoeningstandaarde ("**AVS**") Belastingselfsertifiserings- en Verklaringsvorm – Natuurlike Persone

Vertroulik

Let wel: Alle entiteite wat kliënte van die Absa Groep Beperk-maatskappyegroep is, moet hierdie vorm en toepaslike afdelings voltooi.

Wat is die doel van hierdie vorm?

Volgens die WVBBR en die AVS het Absa Bank as 'n finansiële instelling 'n verpligting om Belastingselfsertifisering by elke kliënt te verkry by aanboordneming. Elke kliënt van Absa Bank moet 'n Belastingselfsertifiseringsvorm voltooi om hulle belastinginwoning of veelvuldige belastinginwonings te bevestig ten einde te bepaal waar die inligting van rapporteerbare persone met 'n rapporteerbare rekening volgens WVBBR/AVS by die tersaaklike belastingowerhede gerapporteer moet word.

Indien u 'n burger of inwoner van die Verenigde State ("**VS**") vir belastingdoeleindes ingevolge die VS Inkomstediens ("**IRS**") se regulasies is, moet u ook 'n voltooide, getekende en gedateerde IRS Vorm W-9 verskaf.

Let wel: Absa Bank gee nie belastingadvies aan sy kliënte nie. Kontak asseblief 'n belastingadviseur om u belastingverblyfstatus en ander belastingverwante navrae te definieer.

Alle verpligte velde word met 'n asterisk* aangedui.

Deel 1: Rekeninghouer se besonderhede

Titel | *Familienaam of van(ne)

*Voornaam/-name | *Geboortedatum (dd/mm/eejj)

Identiteits-/Paspoort-/Maatskaplikesekerheids-/Werknemeridentifikasienommer/Funksionele ekwivalent

Geboorteplek (Stad/Dorp) | *Geboorteland

Permanente/Huidige woonadres

***Woonadres**

Huisnommer/Naam/Straat

Provinsie, staat of dorp | Poskode

Land

Versorgingsposadres (indien toepaslik)

Huisnommer/Naam/Straat

Provinsie, staat of dorp | Poskode

Land

***Verblyfreg deur belegging** | Ja | Nee

*Land van verblyfreg deur belegging

☐ **Merk (✓) asseblief hierdie blokkie indien u 'n SA-rekening open, u net 'n SA-inwoner vir belastingsdoeleindes is en nie 'n VS-persoon is nie.**

(Indien u hierdie blokkie gemerk het, hoef u nie Deel 2 te voltooi nie. Gaan gerus direk voort na Deel 3.)

Deel 2: Belastinginwoning/Burgerskapinligting

*Ek sertifiseer hiermee dat die entiteit of organisasie wat bo geïdentifiseer word 'n belastinginwoner is van:

	***Land van belastinginwoning en/of belastingregistrasienommer**	***Belastingidentifikasienommer ("BIN")**
1		
2		

Let asseblief daarop dat dit verpligtend is om 'n BIN of funksionele ekwivalent te verskaf indien die land waarin u 'n belastinginwoner is sodanige identifiseerders uitreik. Indien geen BIN beskikbaar is of nog nie uitgereik is nie, verstrek asseblief 'n verduideliking daarvoor deur die toepaslike rede met 'n regmerkie (✓) aan te dui.

☐ **Rede A:** Die betrokke jurisdiksie reik nie 'n BIN uit nie.

☐ **Rede B:** Die binnelandse reg vereis nie die invordering van 'n BIN.

☐ **Rede C:** Ek is andersins nie in staat om 'n BIN of funksioneel ekwivalente nommer te kry nie. Indien u hierdie rede gekies het, verduidelik asseblief waarom u nie 'n BIN kan kry nie.

Deel 3: Magtigings, sertifiserings, verklaring en handtekening

1 Ek magtig die ontvanger om regstreeks of onregstreeks 'n kopie van hierdie vorm te verskaf:
   a) aan enige toepaslike belastingowerhede of enige party met 'n mandaat om 'n soortgelyke kontrole van die ontvanger vir belastingdoeleindes te oudit of uit te voer en om aan sodanige owerhede of sodanige party enige bykomende inligting openbaar te maak wat die ontvanger in sy besit mag hê en wat ter sake is vir die entiteit se kwalifisering vir enige voordele wat op grond van hierdie vorm geëis word; en
   b) inligting in verband met die rekening(s) wat bo uiteengesit word soos volgens wet vereis aan: i) enige persoon wat beheer oor, ontvangs of bewaring het van inkomste waarop hierdie vorm betrekking het; ii) enige persoon wat inkomste kan uitbetaal of betalings kan maak waarop hierdie vorm betrekking het; of iii) enige party wat gemagtig is om voorgenoemde persone vir belastingdoeleindes te oudit of 'n soortgelyke kontrole te doen.

2 Ek erken en stem in dat inligting wat in hierdie vorm vervat word en inligting rakende inkomste wat aan of ten bate van die rekenings wat bo uiteengesit word, betaal of gekrediteer word, gerapporteer mag word aan die belastingowerhede van die land waarin sodanige inkomste ontstaan en dat daardie belastingowerhede die inligting mag verskaf aan die land of lande waarin die entiteit vir belastingdoeleindes woonagtig is.

3 Ek stem in dat die inligting wat in hierdie vorm vervat word en inligting (insluitende inligting wat bo genoem word) tussen entiteite van Absa Groep Beperk gedeel mag word in die mate wat vir die doel van belastingverslagdoening vereis word.

4 Ek sertifiseer dat die entiteit wat genoem word die Voordelige Eienaar is van die inkomste waarop hierdie vorm betrekking het.

5 Ek onderneem om die ontvanger in kennis te stel van enige verandering in omstandighede wat veroorsaak dat enige sertifisering op hierdie vorm inkorrek raak en om binne 30 (dertig) dae van sodanige verandering 'n behoorlik opgedateerde vorm te verskaf.

6 Ek verklaar dat ek die inligting op hierdie vorm nagegaan het en dat dit na my beste wete en oortuiging waar, korrek en volledig is.

7 Ek sertifiseer dat ek bevoeg is om te teken vir die entiteit wat in Deel 1 van hierdie vorm geïdentifiseer word.

8 Absa kan 'n vorm W-8 of W-9 van die kliënt aanvra indien nodig geag, soos vereis deur die WVBBR ingevolge die Tussenregeringsooreenkoms ("**TRO**") tussen die regering van die VS en die regering van ander lande.

9 Dit is u, die kliënt, se verantwoordelikheid om Absa dadelik in kennis te stel indien daar 'n verandering is in die inligting wat in hierdie Belastingselfsertifisering verstrek word, aangesien die verandering in die inligting tot gevolg sal hê dat hierdie Belastingselfsertifisering ongeldig is en 'n opgedateerde geldige Belastingselfsertifisering vereis.

10 Let asseblief daarop dat Absa nie 'n kliënt aan boord kan neem tensy 'n geldige Belastingselfsertifisering voltooi en verskaf is nie.

11 Vir belastingdoeleindes is ek 'n inwoner in die lande wat genoem is en my BIN/funksionele ekwivalent in elke bykomende land is verskaf of ek het aangedui dat 'n BIN/funksionele ekwivalent nie beskikbaar is nie.

Privaatheid en veiligheid van kliënte se persoonlike data

Absa Groep Beperk, insluitende al sy filiale, met sy hoofkantoor te Troyestraat 15, Johannesburg, Suid-Afrika, is daartoe verbind om die privaatheid en veiligheid te handhaaf van kliënte se persoonlike data wat ons insamel, hetsy in harde kopie of elektroniese formaat.

Persoonlike data word omskryf as inligting wat ons toelaat om u te identifiseer as 'n natuurlike persoon. Absa Groep samel hierdie data in om u aansoek te beoordeel en indien suksesvol, aan u die verlangde produkte en/of dienste te lewer.

Tensy anders gespesifiseer, moet u al die persoonlike data wat op hierdie vorm aangevra word, verskaf. Indien u nie die verlangde inligting aan ons verskaf nie sal ons u toegang tot die produk en/of diens vir 'n tydperk moet opskort of selfs ons verhouding met u as 'n kliënt beëindig.

Ons kan u persoonlike data verder verwerk vir historiese, navorsings- en statistiese doeleindes of om aan ons wetlike verpligtinge te voldoen. Ons sal u nie betrek by enige elektroniese direkte bemarking (telebemarking uitgesluit) nie, tensy u aan ons die toepaslike toestemming gegee het.

Ons kan ook u persoonlike data gebruik om geoutomatiseerde besluite te neem wat u mag raak. Indien u ontevrede is oor die uitkoms van die besluit, kontak asseblief u plaaslike kliëntedienssentrum.

Indien u namens die rekeninghouer teken: Deur u handtekening onder aan te bring: i) sertifiseer u dat u magtiging het om hierdie vorm namens die rekeninghouer te teken; en ii) onderneem u om die rekeninghouer in kennis te stel van die voltooiing van hierdie vorm en dat hulle besonderhede gerapporteer mag word aan die belastingowerhede van die land waarin hulle vir belastingdoeleindes woonagtig is.

Ek sertifiseer dat ek die woordomskrywings gelees het wat op vorm Absa 7791 AX gedruk is.

Dui asseblief die hoedanigheid waarin u opgetree het, aan en verskaf u naam en adres hier: *(Slegs van toepassing indien u namens die rekeninghouer optree.)*

Volle naam/-name	
Hoedanigheid	
Adres	

Handtekening

Datum (dd/mm/eejj) | | | | | | | | |